

HOOFSTUK VIII

GEVOLGTREKKINGS EN DIE IMPLEMENTERING VAN 'N PROGRAM VIR FISIEKE INSTANDHOUDING IN DIE SAPD

An engineer, a physicist, and a mathematician were walking down the street when they came to a building on fire. The blaze was getting out of control, and the fire chief ran up to them and asked for help. The engineer asked to see the blueprints of the building, then gave the chief specific instructions – so many gallons per minute in this window, so many on the roof – and the blaze was soon out. The chief thanked him. A week later the physicist came to the fire station with a short pamphlet titled ‘General Principles of Fighting Fires’ and suggested that the chief incorporate it into his training and operations. The chief thanked him. Six months later, the mathematician staggered into the station with a foot-high stack of papers. Unshaven and rumped, he slammed the stack down on the chief’s desk and announced triumphantly, ‘I’ve done it!’

‘What have you done?’ asked the startled chief. ‘I’ve proved that fires exist!’ (Sagan, 1997:12).

8.1 INLEIDING

Izaak Walton, ’n filosoof, het in die 17e eeu gesê dat gesondheid net so belangrik geag moet word soos ’n skoon gewete en dat gesondheid ’n seën is wat nie gekoop kan word nie (Brennan, 1988). Die sentrale tema en doel van hierdie studie is om ’n program vir fisieke instandhouding vir die SAPD te regverdig deur die gemiddelde polisiebeampte fisiek en psigies onder die vergrootglas te plaas. Sodoende is sekere fisiologiese tekortkominge by lede van die SAPD uitgewys.

8.2 GEVOLGTREKKINGS: FISIOLOGIE VAN DIE MENS

Daar het in die laaste drie dekades kommer ontstaan oor die hoë voorkomssyfer vir hipokinetiese siektetoestande onder volwassenes sowel as kinders. ’n Veranderde lewenstyl kan groot verbeteringe ten opsigte van gesondheid teweegbring. Fisieke aktiwiteit word geassosieer met ’n vermindering van chroniese hartvatsiektes, asook die risiko daarvoor. Dit blyk egter uit dié literatuurstudie dat fisieke aktiwiteit tydens die kinderjare geen mens immuun maak teen chroniese siektetoestande nie, daarom dat die strewe na optimale fiksheid ’n lewenslange ideaal moet wees.

Lae aktiwiteitsvlakke word geassosieer met sterfte op 'n lae ouderdom, sowel as 'n toename in sekere chroniese siektetoestande (Smith et al., 2000). Daar is baie liggaamlike meganismes wat by fisieke fiksheid baat, maar dit wil tog voorkom of die verlaging van die liggaamsvetpersentasie 'n sleutelrol in die verbetering van die mens se gesondheid speel. Hierdie studie het bewys dat oefening selfs sekere vorms van kanker kan voorkom, asook kan help om bloeddrukvlakke normaal te hou. Oefening kan ook 'n gesonde rug verseker, wat weer voorkom dat 'n persoon se produktiwiteit afneem, wat veral belangrike ekonomiese implikasies het. Oefening met gewigte help om die regte liggaamshouding en -bewegings te verseker, asook om onnodige beserings veral in 'n persoon se latere jare te voorkom.

Dit is duidelik dat 'n sekere vlak van oefenintensiteit bereik moet word om kardiovaskulêre risiko-faktore uit te skakel. Die meeste navorsers is van mening dat 'n harttempo van 120 en hoër, drie tot vyf maal per week vir 30 minute volgehou moet word. Die oefenprogram moet ook vir minstens 15 weke gevolg word voordat enige noemenswaardige verbeteringe sal plaasvind. Volgens Shephard (1994:97) is die belangrikste voordeel van oefening die volgende:

... it improves the quality of life, helping to maintain physical abilities and thus conserve independence into extreme old age.

Wetstoepassingsinstansies wêreldwyd is, net soos die korporatiewe wêreld, swaar getref deur die hoë persentasie hipokinetiese siektetoestande onder hulle personeel. Dit ly min twyfel dat gereelde fisieke oefening teen 'n geskikte intensiteit, duur en frekwensie betekenisvolle gesondheidsvoordele inhou. Die belangrikheid van hoë aktiwiteitsvlakke en fiksheid vir basiese liggaamsfunksies word dwarsdeur die studie beklemtoon. Tog blyk dit dat polisie-administrateurs wêreldwyd die probleem ignoreer of as onbelangrik beskou. Meier (1998:131) het in konklusie van sy navorsing die volgende gesê:

Die werklike waarde van die studie lê nie in wat hier op papier vasgelê is nie, maar in die paradigmaskuif wat die SAPD moet laat plaasvind.

Hierdie stelling deur Meier (1998) kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die navorser van hierdie studie vind ook dat polisie-administrateurs nie tot aksie wil oorgaan nie en baie pessimisties is oor

enige voorstelle rakende fisieke instandhouding.

Hierdie studie het bewys dat SAPD-beamptes in 'n swak fisieke kondisie is. Die werklike toets sal egter wees of die resultate van dié navorsingstudie die SAPD gaan beweeg om, gesien in die lig van die nadele van hipokinetiese siektetoestande, onmiddellik op te tree deur die voorgestelde program vir fisieke instandhouding te implementeer.

8.3 GEVOLGTREKKINGS: PSIGOLOGIE VAN DIE MENS

Die mens bestaan uit 'n liggaam en 'n siel. Die een kan nie sonder die ander funksioneer nie, en sodra die mens sy liggaam begin misbruik, lei die siel daaronder. Spanning- en depressievlakke is volgens hierdie literatuurstudie besig om wêreldwyd te verhoog. Gereelde fisieke oefening skep 'n positiewe benadering tot die lewe, wat angs en spanning kan verminder. Oefening word ook met die verligting van depressie geassosieer.

Tydens spanningsvolle situasies skei die liggaam meer van die hormone epinefrien en norepinefrien in die bloed af. Ander fisiologiese veranderinge wat met spanningsreaksies geassosieer word, byvoorbeeld 'n vinniger harttempo, hoër bloeddruk en meer spierspanning, word ook positief deur oefening beïnvloed. Die intensiteit en duur van die spanning bepaal uiteindelik of 'n persoon aan spanningverwante siektes sal ly. Aërobiese fiksheid verkort ook die hersteltydperk van die liggaam ná emosionele ontwrigting in mans sowel as vrouens. Dit beteken dat die persoon die emosionele spanning waarskynlik makliker sal verwerk en sodoende gouer sal terugkeer na die werksplek.

Oefening word deur verskeie outeurs saam met die gewone medikasie vir chroniese siektetoestande aanbeveel vir rehabilitasie. Spanning verswak die immuuniteitsstelsel, wat weer siektetoestande tot gevolg het. Verskeie navorsers het bevind dat aërobiese oefening 'n persoon help om minder dikwels siek te word ná 'n periode van matige depressie en spanning. 'n Gesonde psige word met oefening geassosieer, en veral met uithouvermoë-oefeninge. Daar is bevind dat roeiers, fietsryers en stoeiers heelwat laer vlakke van depressie en stres het as hulle onaktiewe eweknieë. Stein en Motta (1992:86) sê die volgende oor oefening en die gemoedstoestand:

Theoretically, it is possible that chemical and physiological adaptations in the body are responsible for the positive effects of exercise on mood.

Dat die gemiddelde polisiebeampte oorwerk is en aan uitbrandingsindroom ly, kan nie betwyfel word nie. Daar kan net na die selfmoordsyfer onder polisiebeamptes gekyk word, wat 11 keer hoër is as die selfmoordsyfer vir die algemene publiek in Suid-Afrika (Swanepoel, 2002). Die hoë medieseontslag-syfer, waarvan 90% deur psigologiese probleme soos depressie en post-traumatische stresversteuring veroorsaak word, moet waarskuwingsligte laat flikker dat daar groot fout is en dat psigiese siektetoestande besig is om toe te neem in die SAPD. Bogenoemde syfers beklemtoon net die noodsaaklikheid van die implementering van 'n program vir fisieke instandhouding.

8.4 GEVOLGTREKKINGS: EMPIRIESE ONDERSOEK

Die huidige SAPD-begroting vir sport en rekreasie bereik slegs sowat 5 000 beamptes. Die vraag wat ontstaan, is dus: Wat van die ander ±115 000 beamptes? Wat word van hulle gesondheid? Dit is 'n totaal onaanvaarbaar situasie en een aspek wat dringend aandag nodig het.

Daar word aanbeveel dat die Nasionale Sportkantoor eerder van 'n borg of verskeie borge gebruik moet maak vir die fondse wat nodig is vir die aanbieding van nasionale polisiesportkampioenskappe. Die ±R1 miljoen wat jaarliks gebruik word vir die aanbieding van dié kampioenskappe moet eerder gebruik word om 'n program vir fisieke instandhouding te implementeer én in stand te hou. Dit sal geen doel dien om standarde daar te stel as daar geen program is wat verseker dat daar deurentyd aan die standarde voldoen word nie.

Die navorser van hierdie studie is van mening dat die publiek dit sal goedkeur dat hulle belastinggeld gebruik word vir die instandhouding van polisiebeamptes sodat hulle op hulle beurt beter diens aan die gemeenskap kan lewer. Daar moet onthou word dat alle polisiebeamptes aangestel word onder die Polisiewet, wat beteken dat selfs die Nasionale Kommissaris wetlik verplig is om Artikel 5 van dié wet na te kom.

Die volgende word voorgestel vir die aktivering van die program vir fisieke instandhouding:

- (i) polisiebeamptes moet fisieke aktiwiteit sien as 'n geleentheid wat aangegryp moet word en nie as 'n groot ongerief wat verduur gaan word nie;
- (ii) beamptes moet elke dag soveel as moontlik aktief wees; en
- (iii) beamptes moet vir ten minste 30 minute per dag teen 'n lae intensiteit aktief wees.

As gevolg van die bevolkingsverspreiding in die Republiek van Suid-Afrika sal dit noodwendig gebeur dat afgeleë dorpe nie die uitgebreide sport- en rekreasiefasiliteite van die groter stede sal geniet nie, daarom moet daar juis ernstig aandag gegee word aan die uitbreiding en verbetering van oefenfasiliteite in plattelandse gebiede.

Dit blyk duidelik uit die vraelys dat polisiebevelvoerders geen vertrouwe in die SAPD-bestuur het nie, veral nie waar dit die algemene gesondheid van die beamptes aangaan nie. Massadeelname aan sport en rekreasie-aktiwiteite is volgens Hartman (1996) 'n absolute noodsaaklikheid. Hartman (1996) is van mening dat dit die beamptes se produktiwiteit sal verhoog, asook 'n lewenskragtiger polisie diens sal verseker.

Die uitgangspunt moet wees, fiksheid en produktiwiteit deur aktiewe deelname van die massa beamptes (Hartman, 1996:8).

Die waarde van fisieke fiksheid lê nie in prestasie nie, maar in die verbetering van algemene gesondheid. Die ontwikkeling van superatlete in die SAPD ten koste van die massa kan nie bekostig word nie, aangesien dit slegs enkele persone bevoordeel.

8.5. DIE IMPLEMENTERING VAN DIE PROGRAM VIR FISIEKE INSTANDHOUDING

KOMPONENTE VAN DIE PROGRAM VIR FISIEKE INSTANDHOUDING

- ☞ VERPLIGTE MEDIESE EVALUERING: VOOR-INDIENSNEMINGSVLAK
- ☞ VERPLIGTE MEDIESE EVALUERING: NA-INDIENSNEMINGSVLAK
- ☞ GESONDHEIDSORG
- ☞ VERPLIGTE UITTREESTANDAARDE VIR POLISIEBEAMPTES UIT DIE OPLEIDINGSKOLLEGE
- ☞ OEFENSENTRUMS
- ☞ WERKSGEORIËNTEERDE FIKSHEIDSHINDERNISBANE
- ☞ BELEIDVERANDERING OOR FISIEKE INSTANDHOUDING
- ☞ BELEIDVERANDERING OOR SPORT EN REKREASIE-AKTIWITEITE

8.5.1 VERPLIGTE MEDIESE EVALUERING: VOOR-INDIENSNEMINGSVLAK

8.5.1.1 INLEIDING

Volgens Meier (1998) is die mediese toetse wat tans deur die SAPD gebruik word, swak en verouderd en voldoen dit beslis nie aan die vereiste dat dit effektiewe werknemers moet uitwys nie. Hogan en Bernacki (1981), asook Goldberg et al. (1996) sê dat dit belangrik is om te besef dat 'n

mediese toets op sigself baie min beteken as dit nie deel vorm van 'n gesondheidsketting wat onder andere 'n opleidingseksie en 'n seksie vir fisieke instandhouding in 'n betrokke maatskappy insluit nie.

Die hoofdoel van die SAPD se voor-indiensneming mediese toetse is steeds om die SAPD se mediese fonds, POLMED, en die staatspensioenfonds teen onnodige hoë eise te beskerm. Na regte kan die SAPD slegs mediese keurings vir indiensnemingsdoeleindes doen as die primêre doel van dié toetse is om die funksionele kapasiteit van die individu te bepaal om te verseker dat hy die werk waarvoor hy oorweeg word, veilig en effektief sal kan doen (Meier, 1998). Ayoab (1982), asook Goldberg et al. (1996) wys daarop dat mediese keuring voor indiensneming die geskiktes van die ongeskiktes en die gesondes van die ongesondes sal onderskei. Die resultaat moet verseker dat die werk se vereistes nie die individu se vermoë om veilig en doeltreffend te funksioneer, sal oorskry nie.

8.5.1.2 DAARSTELLING VAN 'N NUWE PROSES VIR MEDIESE KEURING

Volgens Larson (1974), Price et al. (1978) en Goldberg et al. (1996) is die mediese keuring die heel belangrikste komponent van 'n program vir fisieke instandhouding. Die proses vir mediese keuring wat deur die bogenoemde outeurs voorgestel word, moet die volgende insluit:

■ VOLLEDIGE MEDIESEGESKIEDENIS-VRAELYS

Voor die laboratoriumtoetse gedoen word, moet 'n volledige mediese geskiedenis-vraelys ingevul word. Hierdie vraelys moet so omvattend as moontlik wees en bestaan uit 'n familiegeskiedenis-afdeling, asook vrae oor huidige gewoontes soos rook, alkoholname, aktiwiteitsvlakke en medikasiegebruik. Daar moet veral opgelet word na faktore soos chroniese hartvatsiektes, hipertensie, rook, hoë bloedcholesterol-vlakke, obesiteit en fisieke onaktiwiteit. 'n Voorbeeld van hoe dié vraelys moet lyk, is in Bylaag J vervat.

■ VOLLEDIGE LABORATORIUMTOETSE

Hierdie toetse sal die volgende insluit:

- (i) x-strale van die bors;
- (ii) fisiese inspeksie van die nek- en rugwerwels, asook ledemate: daar moet spesifiek uitgekyk word vir abnormaliteite wat kan voorkom;
- (iii) inspeksie van die oë, neus, maag, ore en keel;
- (iv) om na hart- en longklanke te luister en moontlike fibrillasie van die hart, asook chroniese longsiektes te identifiseer;
- (v) visie- en gehoortoetse;
- (vi) die bepaling van die frekwensie van die rustende pols, bloeddruk en respirasie;
- (vii) die chemiese analise van bloedcholesterol- en bloedglukose-vlakke en urientoetse;
- (viii) 'n rustende EKG;
- (ix) 'n stres-EKG;
- (x) lengte- en gewigmeting; en
- (xi) 'n vetpersentasietoets.

■ ADDISIONELE VRAELYS

■ DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE MEDIESE DOKTER

Die dokter moet bepaal of die kandidaat in die uitvoering van sy pligte as 'n polisiebeampte enige risiko vir homself en/of ander persone binne die volgende twee tot drie jaar sal inhou (Meier, 1998). Die omvang van die mediese toetse moet die dokter van genoeg inligting voorsien om werksverwante keuringsbesluite te kan neem.

Physicians can conduct any medical test or make any inquiries as they see fit, without concern that each procedure is of proven job-relatedness (Goldberg et al., 1996: 18).

Die dokter moet ook die mediese voorindiensneming-vrywaringsvorm voltooi, soos voorgeskryf deur Meier (1998). Dié vorm gee die dokter die kans om 'n opinie te vorm oor die kandidaat se fisieke vermoëns na aanleiding van die toetsresultate. Die vrywaringsvorm stel die vraag of die

kandidaat, volgens die dokter, die voorgeskrewe werksgeoriënteerde fiksheidsbaan sal kan voltooi. Hierdie vrywaringsvorm is in Bylaag K en Bylaag L vervat.

■ VERPLIGTE MEDIESE EVALUERING: NA-INDIENSNEMINGSVLAK

Vergelyk 5.2.2.3.

8.5.1.3 GESONDHEIDSORG: 'N VOORGESKREWE VAK, AANGEBIED TE PRETORIA OPLEIDINGSKOLLEGE

Tydens basiese opleiding moet studentekonstabels ingelig word oor simptome wat kan help met die vroeë identifisering van siektetoestande, asook oor die toepassing van basiese fisiologiese beginsels tydens oefening. Tans bestaan die opleiding uit die volgende komponente:

- (i) selfverdediging;
- (ii) patrolliewerk; en
- (iii) basiese fiksheid (Persal, 2002).

Daar word voorgestel dat 'n curriculum vir die vak Gesondheidsorg saamgestel word, wat uit die volgende modules bestaan:

- (i) die basiese beginsels van oefening en die toepassing daarvan;
- (ii) rook en die nadele daarvan;
- (iii) die handhawing van normale liggaamsgewig en die nadele van obesiteit;
- (iv) die basiese beginsels van menslike higiëne en die toepassing daarvan;
- (v) basiese noodhulpbeginsels;
- (vi) voedingkunde;
- (vii) faktore wat die menslike liggaam skade kan berokken en die voorkoming daarvan;
- (viii) die vroeë identifisering van siektes soos tuberkulose, virusinfeksies, chroniese hartvat-siektes, hipertensie, kanker; en
- (ix) die hantering van stres in die werksplek.

8.5.1.4 VERPLIGTE UITTREESTANDAARDE VIR POLISIEBEAMPTES UIT DIE OPLEIDINGSKOLLEGE

Die navorser van hierdie studie beveel aan dat die fisieke standaard wat deur Meier (1998) geïdentifiseer is, gebruik word vir die fisieke instandhouding van beamptes in die SAPD. Meier (1998) is van mening dat alle studentekonstabels, hetsy man of vrou, 'n werksgeoriënteerde fiksheidsbaan moet kan voltooi om sy/haar daaglikse pligte suksesvol te kan uitvoer. Op die basiese werksgeoriënteerde fiksheidsbaan moet studentekonstabels die volgende doen:

- (i) 500 m ver hardloop;
- (ii) oor 'n 1,8 m hoë muur klim;
- (iii) oor 'n 1 m hoë hindernis spring/klim;
- (iv) oor 'n 1,5 m breë gat spring;
- (v) oor 'n 1 m hoë, 3 m lange dubbelmuur loop; en
- (vii) 'n voorwerp van 75 kg 30 m ver sleep.

Hierdie hindernisse simuleer dié wat die meeste in 'n polisiebeampte se werksomgewing voorkom. Indien 'n studentekonstabel nie die hindernisbaan suksesvol kan voltooi nie, mag hy nie kwalifiseer om uit die Opleidings-kollege te tree nie. Daar word aanbeveel dat die student moet aanbly in die kollege en weer die kans gegun moet word om die baan suksesvol te voltooi. Die beleid is tans dat, indien 'n studentekonstabel nie die akademiese toetsing slaag nie, hy teruggehou word vir 'n verdere ses maande. Daar word aanbeveel dat dieselfde beleid vir die instandhouding van fisieke standaard moet geld.

8.5.1.5 WERKSGEORIËNTEERDE FIKSHEIDSHINDERNISBAAN

Daar word aanbeveel dat werksgeoriënteerde fiksheidsbane in alle provinsies opgerig word, asook by alle arekantore. Die provinsiale sportkundige sal in bevel wees van die hindernisbaan in sy provinsie, asook omsien na die hindernisbane in die verkillende areas in die provinsie.

Tabel 89: Projeksie vir die oprigting van hindernisbane

| HINDERNISBANE | STATUS QUO | 2005-TEIKEN | 2010-TEIKEN |
|----------------------|-------------------|--------------------|--------------------|
| 9 PROVINSIES | 1 BAAN | 5 BANE | 9 BANE |
| 49 AREAS | 5 BANE | 20 BANE | 49 BANE |

Die navorsers van hierdie studie het 'n werksgeoriënteerde fiksheidsbaan vir die SAPD se hoërisiko-spanne ontwerp na aanleiding van Meier (1998) se fisieke standaarde. Die hoërisiko-spanne is saamgestel om noodsituasies soos gyselaarontsetting en die inhegtenisneming van gevaarlike verdagtes te hanteer.

Die eerste baan sal by die Johan van der Merwe Mobilisasiesentrum net buite Pretoria opgerig word. Die baan is só ontwerp dat al die SAPD-lede van die omliggende stasies daar sal kan oefen. Die baan bestaan uit twee dele. Die eerste deel bestaan uit basiese hindernisse en is sowat 400 m lank. Die laaste 100 m is vir die gevorderde beampte en het ekstra hindernisse, wat die totale baan ongeveer 500 m lank maak. Die hindernisbaan kan in Bylaag M besigtig word.

8.5.1.6 PLIGTE VAN DIE PROVINSIALE BEAMPTE RAKENDE FISIEKE INSTANDHOUDING

■ DIE FISIEKE EVALUERING VAN BEAMPTE IN DIE PROVINSIE

Alle fiksheidsevalueringe word hierby ingesluit, naamlik: VO_2 maks-toetse, werkskapasiteitstoetse, soepelheid, kragtoetse, gewig- en lengtemetings, vetpersentasietoetse, bloedcholesterol-toetse, bloedglukose-toetse, bloeddruk en submaksimale EKG-toetse. Sodoende kan vasgestel word wat die gemiddelde fiksheidsvlak van die beamptes in die provinsie is en na aanleiding daarvan strategieë uitgewerk word vir die verhoging daarvan. Daar moet rekord gehou word van alle evalueringe, sodat daar elke drie maande 'n verslag aan die Nasionale Hoofkantoor se seksie vir fisieke instandhouding gestuur kan word.

■ HEREVALUERING VAN BEAMPTES

Die bespreking van 'n beampte se resultate met die betrokke beampte self is van kardinale belang. Na afloop van die bespreking moet 'n volgende evalueringsdatum vasgestel word. Die beampte moet genoegsame tyd gegun word om die nodige fisieke komponente te verbeter – verkieslik vier tot ses weke.

■ MONITERING VAN FISIEKE PROGRAMME

Die monitering van fiksheidsprogramme sluit in programme vir gewigverlies, die staking van die rookgewoonte, die instandhouding van bloeddruk en 'n inleidingsprogram tot fisieke instandhouding.

■ MOTIVERING VAN BEAMPTES TEN OPSIGTE VAN FISIEKE AKTIWITEIT EN DIE BEHOUD VAN LIGGAAMSHOMEOSTASE

Die belangrikste aspekte rakende die motivering van die beamptes is effektiewe toesig en beheer by die oefensentrum, behoorlike oefenvoorskrifte, voorskrifte vir individuele oefenprogramme, groeptoefeninge, die voorskrywing van realistiese lang- en korttermyn doelwitte en gesondheidsorg.

8.5.1.7 WELLNESS-SENTRUMS

Daar word aanbeveel dat elke provinsie 'n oefensentrum kry wat na polisiebeamptes se algehele gesondheid sal omsien. Hierdie sentrums moet beheer word deur 'n gekwalifiseerde beampte – 'n beampte met minstens 'n graad of nasionale diploma in Menslike Bewegingskunde. 'n Aansoek vir dié pos sal sterk oorweeg word indien die betrokke kandidaat oor 'n nagraadse kwalifikasie in Biokinetika of Sportwetenskappe beskik. Die persoon moet 'n kundige wees op die gebied van oefenkunde, fisieke evaluering en fisieke program-ontwikkeling en -implementering.

Tabel 90: Projeksie vir die oprigting van oefensentrums

| OEFENSENTRUMS | STATUS QUO | 2005-TEIKEN | 2010-TEIKEN |
|----------------------|-------------------|--------------------|--------------------|
| 9 PROVINSIES | 1 oefensentrum | 5 oefensentrums | 9 oefensentrums |

'n Oefensentrum sal uit die volgende bestaan:

■ 'n Volledige gimnasium, bestaande uit:

- (i) 'n ronde oefenbaanarea;
- (ii) 'n vrygewig- of kragbou-area; en
- (iii) 'n area vir aërobiese oefeninge.

■ Fisieke-evalueringsarea

Hier sal alle fisieke evalueringe uitgevoer en kundige raad oor gesondheid gegee word.

■ Aantrekkamers en opwasfasiliteite

Dié deel moet uit minstens twee storte vir die mans en twee storte vir die vrouens, asook wasbakke, toilette met sluithokkies bestaan.

■ Kantoorarea

Hier sal die sportkundige daaglikse administratiewe take voltooi.

8.5.1.8 VERANDERING VAN BELEID OOR FISIEKE INSTANDHOUDING

Omdat fisieke instandhouding 'n nuwe konsep in die SAPD is, sal gepoog word om Artikel 24 só te hersien dat die fisieke instandhouding van alle beamptes beleid word en die beamptes jaarliks geëvalueer word. Die organogram wat die navorser van hierdie studie vir 'n program vir fisieke instandhouding voorstel, is in Bylaag N vervat.

Die beleid oor fisieke instandhouding wat Artikel 24 sal vervang, is tans op die tafelen die navorser van hierdie studie is besig om alle relevante inligting te konsolideer vir die goedkeuring van die dokument. Indien die dokument goedgekeur word, sal elke polisiebeamptes jaarliks fisiek

geëvalueer word, net soos met skiet op 'n jaarlikse basis gebeur.

8.5.1.9 VERANDERING VAN BELEID OOR SPORT EN REKREASIE-AKTIWITEITE

Omdat Staande Order 203 ten opsigte van sport- en rekreasiebeoefening in die SAPD oud en ontoereikend was, het Adjunk Nasionale Kommissaris Eloff die Nasionale Sportkantoor genader met die versoek dat die betrokke order hersien moet word. Dié destydse bevelvoerende offisier van die Nasionale Sportkantoor het in 'n skrywe probleme uitgewys wat die betrokke staande order nie aanspreek nie. Adjunk Nasionale Kommissaris Eloff het toe opdrag gegee dat die hersiening van Staande Order 203 moet begin. Omdat die ou staande order slegs van toepassing was op die personeel wat onder die Polisiewet aangestel is, kon die burgerlike personeel van die SAPD glad nie aan die sport- of rekreasie-aktiwiteite van die SAPD deelneem nie. Dié bepaling is gesien as diskriminasie, dus maak die hersiende order voorsiening vir die burgerlike personeel sowel as polisiebeamptes in die SAPD.

Die vorige Staande Order 203 is in Bylaag B vervat, en die hersiende Staande Order 203 in Bylaag O. Die navorser van hierdie studie het die hersiende Staande Order 203 opgestel en is van mening dat dit sport- en rekreasie-aktiwiteite baie meer toeganklik sal maak vir alle lede van die SAPD.

8.6 SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Die SAPD staan by 'n kruispad ten opsigte van die gemiddelde polisiebeampte se gesondheid. Die enorme probleme wat ontstaan het, kan grotendeels toegeskryf word aan die optrede van die SAPD-bestuur, wat die probleem ignoreer of eenvoudig nie die belangrikheid daarvan insien om dit uit die weg te ruim nie. Die tyd van praat is egter verby. Soos Meier (2002:Onderhoud) tereg gesê het:

They have talked the talk, but can they walk the walk?

Die tyd vir aksie het aangebreek!